Figuur 1: Hoëresolusie SPOT 5-satellietbeeld met donga-erosie versyfer tussen Lebowakgomo en Polokwane in die Limpopo-provinsie.


en 'n paar mede-werkers, het fisies elke donga in die land op hoëresolusie SPOT 5-satellietbeelde op 'n skaal van 1: 10 000 versyfer. Dit was 'n tydsame proses en die waarde van sulke inligting is vir nasionale beplanningsdoeleindes onskatbaar.

Figuur 1 is 'n voorbeeld van 'n SPOT 5-satellietbeeld waar die dongas op die beeld versyfer is. Die gebied ter sprake is tussen Lebowakgomo en Polokwane in die Limpopo-provinsie.

Die meegaande foto's is geneem van dieselfde gebied tydens die veldverifikasie van die data en gee nie alleen 'n aanduiding van die akkuraatheid van die versyfering nie, maar ook van die graad en omvang van die donga-erosie.

Die studie het getoon dat alle provinsies deur donga-erosie geraak word. Die Oos-Kaap (161 517 ha) en die Noord-Kaap (160 885 ha) het die meeste donga-erosie. Hulle word gevolg deur KwaZulu-Natal (92 543 ha), Vrystaat (64 674 ha), Limpopo (58 669 ha), Wes Kaap (25 403 ha), Mpumalanga (17 420 ha), Noordwes (10 782 ha) en Gauteng (110 ha). Ongeveer 30% van alle grond geskik vir bewerking en 18% van grond wat tans bewerk word, word deur donga-erosie benadeel.

Die data is met veldwaarnemings geverifieer en 'n akkuraatheid van 89% is verkry. Dit dui daarop dat 89% van die dongas wat tydens veldverifikasie besoek is, korrek deur die navorsers versyfer is.



Figuur 2: Die voorkoms van donga-erosie in Suid-Afrika.

Figuur 2 is die resultaat van die studie, 'n kaart wat die verspreiding van donga-erosie in Suid-Afrika aandui. Dit is duidelik dat die eskarp met gepaardgaande steil hellings en hoë reënval, 'n groot invloed op die voorkoms van donga-erosie in Suid-Afrika het, veral in die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en gedeeltes van die Vrystaat. 'n Ander interessante waarneming is die ooreenkoms tussen die voorkoms van erosie in die voormalige tuislande en selfregerende gebiede in veral Limpopo, KwaZulu-Natal en Noordwes. Hierdie waarneming beklemtoon die impak van menslike aktiwiteite op die vernietiging van plantegroei as beskermende laag en die gevolg van versnelde of mensgemaakte erosie. Dit is veral die geval in gebiede waar die getal mense die dravermoë of natuurlike kapasiteit van hulpbronne oorskry, soos tipies die geval was/is in die voormalige tuislande en selfregerende gebiede.

Dr Franci Jordaan haal 'n paar interessante feite aan oor gronderosie in 'n feiteblad wat deur die provinsiale departement van landbou, bewaring en die omgewing in Noordwes uitgegee is. Die jaarlikse grondverlies in Suid-Afrika word geraam op 300 – 400 miljoen ton, ongeveer drie ton vir elke hektaar grond. Om die grondnutriënte wat jaarliks deur gronderosie na riviere en die see weggespoel word te vang, sal ongeveer R1 000 miljoen kos. Laastens, vir elke ton landbougewasse wat geproduseer word, verloor die land gemiddeld 20 ton bogrond. Vruggbare bogrond wat deur erosie weggespoel word, eindig gewoonlik in ons watersisteme en is verantwoordelik vir die toeslikking van belangrike opgaardamme.

'n Goeie voorbeeld is die Welbedacht-dam in die Caledonrivier. Die Welbedacht-dam is in 1973 gebou en 15 jaar later (in 1988) het die dam reeds 73.2% van sy oorspronklike kapasiteit verloor teen 'n jaarlikse toeslikkingstempo van 4.5%. Teen 2002 was die dam reeds 89.9% toegeslik. Die departement van landbou, bosbou en visserie, saam met die University of East Anglia in Engeland, is tans

◀ bladsy 57

besig met 'n studie om te bepaal wat die oorsake en impak van die toeslikingsprobleem by Welbedacht-dam is. In 'n latere artikel in die reeks sal die uitslag van die studie met Agri se lesers gedeel word. Die vraag kan gevra word of daar iets gedoen kan word aan 'n probleem van dié omvang. Ja, verseker, en elke dag wat ons wag om aandag aan die werklike oorsake van die probleem te gee, is 'n dag te laat!

Soos reeds genoem, is goeie plantbedekking uiters belangrik om versnelde gronderosie te beperk. Op natuurlike veld word 'n goeie platbedekking verseker deur goeie veldbestuur, oordeelkundige beweiding en die voorkoming van veldbrande en voetpaai. Goeie veldbestuur behels 'n goeie geheelplaasbeplanning, oordeelkundige benutting van die veld wat 'n periode van rus insluit, hervestiging van kaalkolle, oordeelkundige belading wat die dravermoë en huidige produksie in ag neem, en 'n goeie kombinasie tussen spesies asook tussen gras-, struik- en blaarvreters. Op bewerkte landerye moet die beginsel van bewaringsbewerking gevolg word. Dit behels minimum bewerking of versteuring van die grond, 'n goeie deklaag van oesreste en wisselbou. Daarmee saam moet bewerkte

landerye met 'n goed beplande waterafloop-beheerplan beskerm word, wat stormwater-vore, kontoere en afleibane insluit. Die instandhouding van genoemde bewaringswerke kan nie genoeg beklemtoon word om doeltreffende werking oor tyd te verseker nie. Alhoewel die grondgebruiker primêr verantwoordelik is vir die beskerming van grond teen gronderosie, het die staat ook 'n belangrike rol te speel. Afgesien van wetstoepassing en die formulering van beleid, moet daar gekyk word na die daarstelling van 'n goed opgeleide en effektiewe tegniese en voorligtingsdiens om grondgebruikers te adviseer, te help met beplanning en die ontwerp van grondbewaringstrukture.

Staatsondersteunde skemas soos die Grondbewaring- en Veldverbeteringskemas het in die verlede 'n baie positiewe effek op grondbewaring gehad en soortgelyke skemas kan in die toekoms groot momentum gee aan bewaringsinisiatiewe. Nie-regerings-organisasies soos Agri-SA en die Suider-Afrikaanse tak van die International Erosion Control Association (IECA-SA) kan almal 'n bydrae lewer deur inligting te versprei, navorsing aan te moedig en rolspelers en belanghebbendes te verenig om 'n sterk boodskap uit te dra ter ondersteuning van

grondbewaring. Gronderosie is nie 'n nuwe probleem nie. Die volgende aanhaling van Sir Walter Hely-Hutchinson bevestig die feit en doen ook 'n sterk beroep op aksie. Het ons toe maar begin...

"As u, soos ek, op die walle van die Oranjerivier gestaan het terwyl dit in vloed was en die honderde duisende tonne lieflike grond, wat na die see weggevoer word, gesien het, sou u besef het dat hier werklik 'n probleem is wat die hoogste mate van aandag vereis; en dit wil vir my voorkom dat dit een is wat nie alleen deur die individuele boere opgeneem behoort te word nie maar dat die staat sy invloed moet gebruik, en indien moontlik, hulp moet verleen om die aangeleentheid die hoof te bied." Sir Walter Hely-Hutchinson (6 Desember 1909).

### Verwysings

Nasionale departement van landbou. 1984.

Inleiding tot grondbewaring: Kursus vir Landboukollegestudente. Staatsdrukker, Pretoria.

Mararakanye, N. & Le Roux, J.J. 2011. Manually Digitizing of Gully Erosion in South Africa using High Resolution SPOT 5 Satellite Imagery at 1:10 000 scale. Department of agriculture, forestry and fisheries, directorate land use and soil management, Pretoria. □



# Hou by die reëls...

Rentmeesterskap beteken om die beste tegnologie oor te dra na die volgende generasie – dit is waarom ek 'n toevlugsarea aanplant.

Oes die voordele van **YieldGard®**- en **YieldGard® II**-tegnologie en plant jou toevlugsarea aan!

Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak: 011 790-8201 of [customer care.sa@monsanto.com](mailto:customer care.sa@monsanto.com)

# Is dit wetenskap

## wat Mapungubwe gesink het?

Tydens 'n mediakonferensie op 20 Julie 2011 het die departement die publiek ingelig dat hulle toestemming aan Coal of Africa verleen het om weer hul aktiwiteite te vervat, ondanks enorme teenkating uit bewaringsgeledere en die landbousektor. Mens vra die dom vraag: Hoekom moes hulle dit per mediakonferensie aankondig? Is dit omdat die departement by monde van sy adjunkdirekteur-generaal "wetenskaplik" kon bewys dat die mynaktiwiteite nie 'n beduidende impak op die omgewing gaan hê nie? Dis asof die departement met sy

mediakonferensie vir die klomp "groenes" (dis die bewaringskundiges en die landbouers) wou wys wie baas is. Mens wonder ook watter "wetenskap" gebruik is.

Dit skep ernstige kommer as die sentrale regering die omgewing, wat só sensitief vir steenkoolmynbedrywighede is, nie as belangrik ag in sy besluite nie. Sekerlik sou dit nie onaanvaarbaar wees as steenkoolmyn verder in die reeds besoedelde sentrale hoëveld sou ontwikkel nie. Wat mens se verstand te bowe gaan, is hoekom dit in 'n ariede streek met 'n rivier wat reeds onder geweldige stres en 'n klipgooi van 'n wêreldnatuureretnis geleë is, toegelaat word dat een van die mees besoedelende mynaktiwiteite deur die departement van omgewingsake gemagtig word. Tonne verslae is aan die departement voorgelê waarin sonder twyfel aangedui word dat die steenkoolmyn die wêreld gaan opmors.

As gewone burgers moet ons vertrou hê in die staat se vermoë om alle aspekte van die land doeltreffend te bestuur. Dis tog waaroor demokrasie gaan, maar dit wil voorkom asof die demokrasie in Suid-Afrika deur outokrasie vervang is. Kyk maar net na die onlangse gebeure rondom die waterregte vir die landbousektor. Dit neem die departement eeue om besluite te neem – as hulle ooit besluite neem – oor die

Daar is al vir 'n ruk lank groot beklemming oor die beoogde steenkoolmynaktiwiteite langs Mapungubwe. Coal of Africa het nege mynverwante aktiwiteite onwettig bedryf en die departement van omgewingsake het as gevolg van openbare druk die maatskappy verplig om hul aktiwiteite te staak. Ná skaars nege maande het die departement die maatskappy goedkeuring gegee om met ses van die aktiwiteite voort te gaan omdat hulle "wel aan vereistes voldoen het". Daar is steeds drie aktiwiteite wat onwettig is, en wat die departement later met groot gejuig sal goedkeur.

oordrag en besit van waterregte, maar wanneer 'n mynmaatskappy onwettig ootree sonder 'n permit vir watergebruik is die departement bereid om binne enkele maande hul oortredings ter syde te stel en onder meer watergebruikpermitte toe te staan.

Ons het altyd gehoop die departement van omgewingsake sou die omgewing pragmaties bestuur en die ideologie agterlaat, maar hoe verder ons die toekoms in beweeg, hoe meer lyk dit of ideologie ook die omgewing gaan insluk. Dis eintlik belaglik dat die departement wat die omgewing moet beskerm eintlik die vernietiging daarvan kataliseer deur dinge soos steenkoolmyn langs Mapungubwe goed te keur.

Die dag wanneer die kas papajas die waaier tref met die myn langs Mapungubwe sal die amptenary seker iewers met 'n workshop besig wees. Ons hoop maar iets gebeur intussen om te verhinder dat die maatskappy voortgaan met sy mynbedrywighede. Die Limpopovallei sal tot in ewigheid die skaadmerke van die myn dra, en kort voor lank sal ons seker hoor dat die leeus uit die gebied verwyder moet word omdat hulle 'n gevaar vir die mynwerkers inhou... 



Dr. Gerhard Verdoorn



Dr Gerhard H Verdoorn, Griffon Gifinligtingsentrum, nesh@tiscali.co.za  
082-446-8946

# ACHIEVE **BIG THINGS** WITH LAND BANK



**SPECIALISED AGRI-FINANCE**  
**WWW.LANDBANK.CO.ZA | 0800 00 52 59**



## Die seisoen

## van wynkompetisies

Die aanbreek van die tweede helfte van die kalenderjaar beteken ook die aanbreek van die kompetisieseisoen van die Kaapse wynland. Want nou wys die wynmakers al meer gesig uit die kelders om met hul skeppings te spog en mee te ding net waar hulle kan. Dit beteken ook dat hulle nie juis tyd kry om asem te skep nie, want wynmakers moet deesdae as't ware openbare figure wees. Hulle moet help om die produk se beeld te bou en die bottels van die rak af te laat rol. Boonop word hulle baie betrek by die steeds voller kalender van wynskoue, wynkompetisies en feeste.

**N**et van kompetisies gepraat: daar is deesdae sowat 30 wynkompetisies of -evaluasies op die kalender. En dit word steeds meer. Dit terwyl binnelandse wynverkope maar traag is en in die jongste tyd vir die eerste keer in baie jare effense groei toon (2.4% in 2010) en die buitelandse mark nou ná fenomenale groei oor dekades, skielik begin daal het (minus 4% in 2010). In die proses word wynkompetisies – met die gepaardgaande medaljes, sterre en trofee – al hoe belangriker as veronderstelde lokmiddels in 'n mark met 'n magdom produkte. Die aantal wyne in die mark word op meer as 6 000 geraam en die genieting daarvan is nou maar eenmaal 'n subjektiewe saak, en waarmee die verbruiker blykbaar baie leiding nodig het.

Die vraag is egter wie nou eintlik regtig by hierdie duur oefeninge (met toenemende inskrywings) baat. Die verbruiker wat dikwels vind dat die wenwyne skaars en duur is, die produsente wat probeer om meer wyne te swaai in 'n bedryf wat swaar trek onder die ekonomie of die organiseerder wat dikwels 'n

aardige bedraggie vir inskrywing vra.

Volgens 'n artikel in die tydskrif *WynLand* in Januarie vanjaar, is daar verlede jaar altesaam R5.9 miljoen deur wynbesighede/ produsente spandeer aan inskrywingsgeld vir die altesaam 20 kompetisies waaraan mens uit eie keuse kon deelneem.

Volgens die berig het die aantal wyne wat ingeskryf is ongeveer dieselfde gebly teenoor 'n vorige opname van 2008, naamlik 10 380. Daar is egter 30% meer aan deelname spandeer. Sou jy een wyn vir elk van hierdie kompetisies inskryf, sal die koste R7 805 beloop. Terselfdertyd is daar byna 7 miljoen plakkers deur wenners bestel – uitgesluit dié van die Veritas Toekennings en die destydse Landbouweekblad Vrouewynmaker van die Jaar, wat nie bekendgemaak is nie. Die koste van hierdie plakkers om die bottels te versier, het sowat R5.5 miljoen beloop.

Mens kan aanneem dat die "wingsgewendheid" van hierdie kompetisies net soveel wissel soos hul aard. Elkeen het mos 'n soort van unieke verkoopshoek, met die grootste en mees gesaghebbende die Old Mutual Trophy Wine Show en die Veritas Toekennings. Laasgenoemde word deur die wynbedryf self aangebied via die SA Nasionale Wynskouvereniging, 'n organisasie sonder winsbejag. Albei kompetisies publiseer agterna toekenningsboekies en bied landwyd proe-geleentheid aan vir verbruikers.

*Wilhelm Coetzee en Martin Moore, onderskeidelik wynmaker en keldermeester van Durbanville Hills en Karin de Villiers, wynmaker van Klein Roosboom, Durbanville, het met nasionale wenners daartoe bygedra dat Durbanville die top-wyngebied was in vanjaar se Novare SA Terroir Wyntoekennings.*

Die nuutste kompetisie is die Top 100 Awards wat poog om die land se beste 100 wyne te identifiseer. Dit is vanjaar die eerste keer gehou. Met 'n deelnamekoste van R1 083 per wyn, is daar 411 inskrywings ontvang. Intussen spog die Novare SA Terroir Wyntoekennings, waarvan die uitslae pas bekendgemaak is, met 'n rekord van 251 inskrywings en met baie streng deelnamevereistes. Daar is vir die eerste keer 'n Top Wynlandgoed-trofee toegeken en Jordan Wynlandgoed van Stellenbosch het met die louere weggestap.

Intussen, 'n kompetisie van 'n heel ander aard: die Absa Top 10 Pinotage, wat einde Augustus bekendgemaak sou word, het die finale "top 20" blykbaar per abuis vroegetydig aan die pers uitgelek. Interessant genoeg het nie een van die nuwe geslag koffiegeur Pinotages wat nou gewild is, veral onder nuwe rooiwinygenieters, dit gemaak nie.

Die jongste nuus op die kompetisiefront is dat Shiraz SA, die vereniging vir hierdie gewilde kultivar, nou daaraan dink om 'n Shiraz Top 12 kompetisie te begin. Intussen wag ons vanjaar onder andere nog op die uitslae van die Veritas Toekennings, Die SA Jongwynskou, Blaauwklippen Blending Kompetisie, Diners Club Wynmaker van die Jaar, Diners Club Jong Wynmaker van die Jaar, Michelangelo International Awards, Die Platter's 5 Ster-wyne en Winemaker's Choice Toekennings. ■



Cassie du Plessis



# Agricultural Producers,

# Water & the WRC

Many irrigation farmers in South Africa pay an annual research levy to the Water Research Fund in respect of water that is used for irrigation on scheduled land. This fund is dedicated to financing the activities of the Water Research Commission (WRC) to support and undertake research on the use of water for agricultural, industrial and domestic purposes. The levy on irrigation water is, however, not the only source of income for the fund: Levies on water use for urban, industrial and domestic purposes make by far the biggest contribution.

*In this series of articles, Agri is in discussion with Dr Gerhard Backeberg, director: water utilisation in agriculture of the WRC, in order to obtain information on water use and what the WRC is doing for investment of funds in water research.*

**Agri:** Urban and peri-urban farming is a source of food for poor households. It can increase food security and counter the impact of rising food prices, as stated by Danielle Nierenberg, project director at the Worldwatch Institute, in Business Times of 8 May 2011. What sources of water can be used to encourage this type of food production?

**Backeberg:** The potential contribution of peri-urban and urban food gardens to household food security is limited by a shortage of water to supplement rainfall. Grey-water, i.e. bath, washing and kitchen water from household use, can contribute to overcoming this limitation by providing a dependable source of water that is under the control of the household gardener.

Although more than half of the indoor household water use can normally be intercepted by the household as grey-water, users are uncertain about the risks associated with this grey-water. Similarly, local authorities are uncertain about what their approach to promoting grey-water use should be. Consequently, an earlier scoping study (WRC Report No 1479/1/06) identified the most urgent concerns inhibiting the use of grey-water in small-scale irrigation farming and gardening. These are mainly the conditions under which grey-water use should be allowed or encouraged with guidance to users about its sustainable use.

Now, a comprehensive follow-up project led by researchers at the University of KwaZulu-Natal has delivered two main products: a user-friendly guidance report

and a supporting technical report. The intended users of the guidance report are firstly municipalities or NGO's, who plan to initiate the implementation of grey-water irrigation or intend to support water users in developing and monitoring grey-water irrigation; secondly, more informed members of the public, who are interested in using grey-water for irrigation on their properties or in their settlements and need advice for this purpose.

**The focus of the guidance report is to minimise the risks of:**

- illness of handlers of grey-water and grey-water-irrigated produce, or consumers of grey-water-irrigated produce;
- reduction in growth or yield of plants/crops irrigated with grey-water;
- environmental degradation, especially reduction in the ability of soil irrigated with grey-water to support plant growth.

The technical report records the extensive process that was followed to execute the project and develop guidance for grey-water use. Six case studies were undertaken to address knowledge gaps and an exploratory workshop was held with policy advisors. These were followed by a questionnaire survey of local authorities and of water users. The key grey-water constituents were identified and preliminary, draft grey-water

quality guidelines were developed. A complete draft guidance report was compiled and subjected to peer review, presented at capacity-building workshops at municipality level, and finally consultations were held with national policy advisors. The results of these consultations were incorporated into the final report.



Dr Gerhard Backeberg

"Although more than half of the indoor household water use can normally be intercepted by the household as grey-water, users are uncertain about the risks associated with this grey-water."

It is envisaged that the output of this project will provide municipalities, NGO's and households with more certainty about how to approach the

use of grey-water in urban homestead food gardens. The reports also provide the necessary guidance to minimise the risks and optimise the benefits associated with the use of grey-water for irrigation of crops and urban food production.

WRC Reports No 1639/1/10 and TT 469/10 on respectively technical issues and guidance for sustainable use of grey-water in small-scale agriculture and gardens in South Africa are now available for distribution and application. ☐

Visit the Water Research Commission's webpage [www.wrc.org.za](http://www.wrc.org.za) for more information and/or ordering of research reports.  
Tel: 012 330 0340 Fax: 012 331 2565 E-mail: [wrc@wrc.org.za](mailto:wrc@wrc.org.za) • Private Bag X03, Gezina, Pretoria 0031

# Agri SA en Telkom gesels oor landlyne

KOBUS VISSER, DIREKTEUR KORPORATIEWE SKAKELING, AGRI SA

Die instandhouding en herstel van die plattelandse landlyn-netwerk en die outomatisering daarvan was die onderwerp van bespreking tydens samesperkings tussen Agri SA en Telkom op 12 Augustus. Die samesprekings was opbouend.


**A**gri SA het benadruk dat kommunikasie-infrastruktuur uiters belangrik is om markinligting te bekom, transaksies aan te gaan, vir veiligheids- en sekerheidsdoeleindes, asook vir opleiding en ontspanning. Doeltreffende telekommunikasie kan bydra tot die bereiking van groei en ontwikkeling van landbou, wat tot voordeel van 'n beduidende gedeelte van die gemeenskap strek. Sekere plattelandse boerderygebiede het in dié stadium nie toegang tot Telkom se telekommunikasie-infrastruktuur nie.

Telkom het erken dat in sommige boerderygebiede die bestaande

infrastruktuur as gevolg van verouderde tegnologie en weens koperdiefstal, nie aan moderne vereistes voldoen nie.

Die belangrikheid van landbou is egter deur Telkom erken en ook die bydrae wat dit tot landelike ontwikkeling maak. Verteenwoordigers van Telkom het by die samesprekings gesê dat die instansie besig is om 'n beleid oor verskeie aangeleenthede, insluitend dienslewering aan plattelandse gebiede, te finaliseer, waarna dit aan Agri SA beskikbaar gestel sal word. 'n Nuwe satellietplatform wat op breedband gebaseer is, is geïdentifiseer as 'n moontlike oplossing vir die telekommunikasieprobleme van plattelandse gebiede. Hierdie platform sal voorsiening maak vir data sowel as spraak teen baie meer bekostigbare tariewe as die

VSAT-platform. Dié nuwe platform sal in die loop van 2012 beskikbaar word.

Daar is ooreengekom dat Agri SA deur sy provinsiale affiliasies 'n opname sal doen van boere wat tans geen telekommunikasie-infrastruktuur het nie. Telkom sal hierdie inligting gebruik om te bepaal watter dienste aan hierdie boere beskikbaar gemaak kan word totdat die nuwe platform in 2012 beskikbaar is. Verskeie opsies word oorweeg. Telkom het ook aangedui dat die instansie dit oorweeg om 'n toegewyde eenheid op die been te bring om die "landbourekening" te hanteer. Hierdie eenheid sal gestig word om 'n meer direkte skakel met Telkom te wees met die oog daarop om vinniger aan probleemareas aandag te skenk. 

## Uitspraak oor watergebruiksregte 'n deurbraak'

Johannes Möller, president van Agri SA, sê die beslissing van regter James Goodey ten gunste van die oordrag van watergebruiksregte is 'n belangrike deurbraak. Die regter het uitspraak gelewer in die saak tussen Goede Wellington Boerdery (Edms) Bpk en die departement van waterwese asook die minister van waterwese en omgewingsake wat op 2 Augustus 2011 in die Noord-Gautengse Hooggeregshof aangehoor is.

**T**alle kommersiële boere is die afgelope paar jaar gefrustreer deur die departement van waterwese se weiering om waterregte van een besproeiingsperseel na 'n ander of van 'n bepaalde waterreghouer aan 'n ander applikant oor te dra. Agri SA het besluit om die aansoek van Goede Wellington Boerdery, wat ook deur die Watertribunaal van die hand gewys is, in die Hooggeregshof te betwis.

"Agri SA was sedert 2007 onsuksesvol om deur onderhandelings met die departement van waterwese 'n ooreenkoms te bereik oor die toepassing van artikel 27(1) van die Nasionale Waterwet. Talle aansoeke is afgekeur deur slegs voldoening aan artikel 27(1)(b) te vereis – 'n wetsbepaling wat verwys na die behoefte om rasse- en geslagsdiskriminasie van die verlede reg te stel. Ander oorwegings soos voorgeskryf in artikel 27(1) van die Waterwet was blykbaar ondoelmatig gestel aan artikel 27(1)(b)."

"Daarom verwelkom Agri SA die beslissing



dat die departement van waterwese en die Watertribunaal 'n wesenlike regsfout begaan het deur die behoefte aan regstellende aksie in artikel 27(1)(b) van die Nasionale Waterwet as 'n oorheersende faktor by die beoordeling van aansoeke vir watergebruiksregte of die oordrag daarvan, toe te pas. Die regter sê in sy uitspraak dat dit slegs een van elf faktore is wat artikel 27(1) vereis en in ag geneem moet word. Die ander faktore sluit die doeltreffende en voordelige gebruik van water in die openbare belang in, en faktore

soos die sosio-ekonomiese impak van die watergebruik en die sosio-ekonomiese impak van die afwysing van die watergebruik," sê Möller.

Die regter het ook besluit dat die besluit van die Watertribunaal in Goede Wellington Boerdery se geval nie alleen ter syde gestel moet word nie, maar ook vervang moet word met 'n besluit wat die oordrag van die watergebruiksregte aan Goede Wellington Boerdery magtig. Die redes waarom die regter daardie uitsonderlike stap geneem het, en ook die Watertribunaal gelas het om Goede Wellington Boerdery se regskoste te betaal, sluit die volgende in:

- Dit is die enigste redelike besluit wat geneem kan word indien al die faktore behoorlik inaggeneem word;
- Enige verdere vertraging sal Goede Wellington Boerdery onregverdig benadeel; en
- Die Watertribunaal was onbeholpe en onbekwaam.

► bladsy 64

“The ability of the agricultural sector to contribute to renewable energy and biofuels, as also required by the New Growth Path and the industrial policy action plan (Ipap 2), should in particular be subjected to renewed scrutiny.

# Convention on climate change –

## ‘Agriculture should be prioritised’

NIC OPPERMAN, DIRECTOR: NATURAL RESOURCES, AGRI SA

There is a need for a commitment for substantial increase in investments in and support for agriculture. The sector must be prioritised in international and national strategies, as well as in budgets in order to increase agriculture’s resilience to climate change while boosting economic growth.


These were one of the viewpoints that Agri SA president Johannes Möller presented on climate change at the department of agriculture, forestry and fisheries’ (Daff) national conference in preparation of the United Nations Framework Convention on Climate Change (UNFCCC) Conference of the Parties (Cop) 17 event, which will take place in Durban later this year.

Möller submitted that, given the position of the agricultural sector in relation to climate change, the following should also be addressed as part of a future process:

- Official recognition of agriculture as a sector that is adversely affected by the effects of climate change and, at the same time, as a sector with a huge potential to provide solutions to climate change mitigation and adaptation.
- Support for the full integration of agriculture in a future binding agreement in Durban (UNFCCC, Cop 17), including consideration of a possible agricultural sector agreement.
- Recognition of the specific characteristics and needs of agriculture in a future agreement in order to take full advantage of the mitigation and adaptation potential of the agricultural sector, as the current Kyoto does not deal with this to the required extent.
- Establishment of appropriate financial

- mechanisms to reward farmers for the carbon sequestration, ecosystem services and permanent reductions that mitigate climate change, providing them with the right financial incentives to adopt the most sustainable practices and to supply low-carbon services (energy and materials) alongside food, and fodder products.
- Recognition of farmers’ organisations as partners, as the link between farming communities and the international carbon market, and as a link to the international institutions.
- An evaluation of the internalisation of costs through e.g. a carbon tax should take into consideration the inelastic demand for energy and the concomitant inability to adapt to an alternative system without it leading to structural production adjustments in agriculture.



- The ability of the agricultural sector to contribute to renewable energy and biofuels, as also required by the New Growth Path and the industrial policy action plan (Ipap 2), should in particular be subjected to renewed scrutiny. 


### ◀ bladsy 63

Die departement moet saam met die Watertribunaal die regskoste betaal omdat daar volgehou is met sy verkeerde toepassing van artikel 27(1)(b) van die Nasionale Waterwet.

In ‘n beperkte opname wat voorheen deur Agri SA gemaak is, was daar in 138 gevalle slegs vier aansoeke vir wateroordragte goedgekeur. Sowat 2 100 hektaar was ter sprake met ‘n beraamde verlies aan inkomste van R308 miljoen,

terwyl daar ongeveer 2 600 werksgeleenthede verlore gegaan het. ‘n Verdere opname van Agri SA toon dat daar water vir sowat 97 000 hektaar besproeiingsgrond in sewe van die 19 wateropvangbestuursgebiede beskikbaar is wat spesifiek vir opkomende besproeiingsboere geormerk is. Net ‘n baie beperkte gedeelte hiervan is tot dusver vir opkomende boere ontwikkel.

“Agri SA sal dringend met die minister van

waterwese en omgewingsake wil gesels om praktiese gevolg aan die hofbeslissing vir die besproeiingsgemeenskap te gee. Dit sal help om die potensiële ontwikkeling en werkskeppingsgeleenthede in die besproeiingssektor optimaal te benut. ‘n Veranderde benadering deur die staat met die oordrag van waterregte kan ‘n positiewe bydrae lewer tot die regering se ontwikkelingsdoelwitte en voedselsekerheid bevorder,” sê Möller. 

# Belê in vrugbare grond

By Absa weet ons dat boerdery die hoeksteen van ons ekonomie is en voor moeilike uitdagings te staan kom. Daarom wil ons hê jy moet op jou boerderybedrywighede kan fokus terwyl ons na jou finansiële behoeftes omsien. Om te verseker dat jou plaas oor die lang termyn volhoubaar en so winsgewend moontlik is, kan ons jou met risiko-ontledings en strategiese beplanning lewensvatbaarheidstudies, kontantvloeibeplanning en winsbestuur, AgriBesigheid-seminare en finansieringsopsies help.

Praat vandag nog met een van ons deskundiges en pluk die vrugte. Skakel ons vandag by 011 350 6854.

**AgriBesigheid  
Oplossings van Absa  
Besighedsbank.\***



## **‘My Zimmatic het nou al drie presidente, twee vragmotors en verskeie droogtes oorleef’**

Zimmatic word gebou om te hou - en ekstensief gewaarborg!  
Innoverende tegnologie sorg boonop dat hierdie spilpunte en liniêre  
stelsels aan die voerpunt bly.

Skakel Jaco Nel (082 805 7853) of Alan Ewards (073 303 7107) of  
021 868 7100 om meer uit te vind oor 'n oplossing wat jou sal pas.

LIN224

**Zimmatic**  
STRENGTH TO GROW ON

**LINDSAY**  
AFRICA